# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

10 Februarie 2025

**OMSENDBRIEF 01/2025**

**1. REGISTRASIE VAN LIG IN DUISTERNIS MEDIA MSW (LIDU).**
**2. GEBRUIKERSLISENSIE VIR *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK***
**3. VERANDERING AAN DIE F1-VORM.**
**4. BANKREKENINGE VIR DIE GKK EN LIDU.**
**5. STAND VAN SINODALE VORMS EN – BYDRAE OP 31/01/2025.**

**Aan alle saakgelastigdes**

Geagte Broeder/Suster

Oor baie jare is daar by die een sinode na die ander die wens uitgespreek dat Lig in Duisternis Uitgewers moet groei tot 'n onafhanklike uitgewery wat vanuit die AP kerkverband ontstaan het. Tree vir tree is ons op pad daarheen. Soos wat die mylpale bereik word, beteken dit ook dat sekere veranderinge ten opsigte van ons funksionering geïmplementeer moet word. Derhalwe hierdie skrywe om u op hoogte te bring van die veranderinge. Vir gemeentes raak dit veral die manier hoe betalings vir die aankoop van publikasies in die toekoms gedoen moet word en daarom moet u ook kennis neem van die wysigings wat aan die F1-vorms aangebring word.

**1. Registrasie van Lig in Duisternis Media MSW (LIDU):**

Gesien vorige sinodes se toekomsdrome vir Lig in Duisternis Uitgewers het Sinode 2022 (Handelinge 2022, pt. 6.1.1, bl. 433) die volgende besluit geneem –

"Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van Lig in Duisternis Uitgewers se groter selfstandigheid en moedig die verdere ontwikkeling hiervan aan."

Gevolglik is Lig in Duisternis Media MSW op 4 April 2024 geregistreer as 'n Nie-winsgewende Maatskappy met registrasienommer 24/187850/08. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor (GKK) is die enigste Lid en die direkteur, redakteur en rekenmeester is die verteenwoordigers (direkteure) van die Maatskappy.

Terselfdertyd is 'n eie bankrekening vir LIDU by ABSA Bank geopen en die rekeningnommer is: **411 338 3472.**

Daar is geen veranderinge aan die GKK (Kerkkantoor) se bankbesonderhede nie.

## 2. Gebruikerslisensie vir *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*

Die afgelope tyd was daar ook indringende onderhandelinge met Bybel-Media gewees oor die herdruk en gebruik van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*, maar ook die eie ontwikkeling van 'n pasgemaakte toepassing vir selfone. Gemeentes wat voorheen aan die CCLI jaarlikse lisensiegelde betaal het, moet daarvan kennis neem dat Bybel-Media die diens by CCLI oorgeneem het en dat geen verdere gelde aan CCLI oorbetaal moet word nie. Verder het Bybel-Media ook begin om vir alle gemeentes oor alle kerkverbande 'n jaarlikse gebruikerslisensie vir hulle produkte in te stel. Hierdie gebruikerslisensie word op 'n glyskaal bereken volgens elke gemeente se lidmaattal.

Deel van die nuwe ooreenkoms wat met Bybel-Media onderhandel is, behels dat elke gemeente nie self met Bybel-Media hoef te skakel of betalings direk aan hulle moet maak nie, maar dat die lisensiegeld jaarliks deur die Gemeenskaplike Kerkkantoor aan Bybel-Media oorbetaal sal word volgens die lidmaattal wat vir die *Kerkjaarboek* se *Statistiek en Inligting* gebruik word.

Die Gemeenskaplike Kerkkantoor sal elke gemeente dus in die toekoms jaarliks faktureer vir die bedrag wat aan Bybel-Media oorbetaal is.

## 3. Veranderinge aan die F1-vorm:

As gevolg van hierdie wysigings en die totstandkoming van Lig in Duisternis Media MSW as 'n regspersoon, word die F1-vorm aangepas.

Verder het die laaste waarborglede van die AP Kerk Pensioenfonds op wie die pensioenwaarborg van toepassing was, nou afgetree. Daarmee verval al die reëlings wat bestaan het vir sodanige waarborglede, wat dan ook wysiging op die F1-vorm noodsaak.

Ons sluit vir u gerief 'n kopie van die nuwe vorm hierby in. Let asseblief egter ook daarop dat die nuwe F1-vorm ook op die webblad by www.apk.co.za, onder afdeling Finansies > Sinodaal, beskikbaar is.

## 4. Bankrekeninge:

Neem dus asseblief daarvan kennis dat daar voortaan onderskei moet word tussen betalings vir publikasies aan Lig in Duisternis Media MSW en ander betalings aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor.

- **Die betalings aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor (*15%; mediese en pensioenpremies; Bybelgenootskap; Trustfonds, Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, Psalms en Gesange vir die AP Kerk gebruikerslisensie*) word steeds gedoen in die ABSA rekeningnommer 214 014 3068.**

- **Die betalings vir publikasies (*Boodskapper; Kolporteur en gemeenterekeninge*; *webbladaankope, advertensies*) word voortaan gemaak aan LIDU met ABSA rekeningnommer 411 338 3472.**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

## 5. Stand van sinodale vorms en - bydraes

As u sou ~~inskakel~~ inteken op die webblad van die AP Kerk by www.apk.co.za en u beweeg na afdeling Finansies > Sinodaal, regs bo aan die blad, sal u 'n kontroleblad genaamd F1/F10-kontrole vind. Daarin word die datum aangedui wanneer die gemeente se F1-vorm, 15%-bydrae en F10-vorm ontvang is. Indien u dit gestuur het en daar nie 'n datum aangeteken is nie, skakel asseblief met ons by die kantoor dat dit reggestel kan word.

'n Woord van opregte dank aan elke saakgelastigde/kassier/skriba wat getrou help om die AP Kerkverband se administrasie te laat vlot. Ons werk vir die Here in sy kerk. Wat 'n genade en voorreg.

**Ten slotte:**

Ons is terdeë bewus van die finansiële uitdagings wat al ons gemeentes in die gesig staar. Danksy verantwoordelike besluite en die beperking van uitgawes deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) kon die begrote tekort van R3.3 miljoen beperk word tot net oor R1.6 miljoen. Met dankbaarheid kan aan u bekend gemaak word hoe die 15%-bydrae vir 2024 aangewend is –

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| **Totale inkomste** | **18,844,542** | **18,032,565** |
| *15%* | *18,270,241* | *17,343,252* |
| *Lig in Duisternis (Publikasies)* | *189,706* | *152,835* |
| *Ander inkomstes* | *384,595* | *536,478* |
| **Totale Uitgawes** | **20,491,903** | **19,984,667** |
| Uitgawes uit Sinodale besluite: | 11,230,471 | 11,197,574 |
| *Trustfonds* | *650,000* | *650,000* |
| *Bedieningsfonds* | *1,699,645* | *1,805,317* |
| *Teologiese opleiding* | *6,090,080* | *5,781,084* |
| *Mediese bystand emeriti* | *2,533,612* | *2,668,451* |
| *Sinodale vergaderings* | *257,134* | *292,722* |
| Administratiewe uitgawes | 9,261,432 | 8,787,093 |
| **TEKORT** | **(1,647,361)** | **(1,952,102)** |

Hieruit blyk dus dat 55% van die inkomste wat ontvang is, weer teruggevloei het na die gemeentes in die kerkverband in die vorm van opleiding van leraars en bedieningsondersteuning. Ons dank ook aan alle sinodale kommissies wat uitgawes help beperk in 'n poging om met die beskikbare fondse deur te kom. Vyftien jaar gelede is daar in 2010 vir 2011 'n bedrag van R341 000 begroot vir sinodale kommissies se vergaderings. Vyftien jaar later het ons, ten spyte van die ontsaglike styging in reiskostes, die uitgawe tot R257 134 beperk.

Hartlike dank vir almal se samewerking en offervaardigheid.

Met seën en dank

Geteken: Gys van Rensburg
Rekenmeester
n. Direkteur van kerkadministrasie



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 🖷 (012) 362-2023